# Redaksioneel

**Marni Bonthuys**

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* bevat net letterkundige bydraes – twee Nederlandstalig en twee Afrikaans.

Die Nederlandstalige bydraes is onderskeidelik met historiese en resente Nederlandse tekste gemoeid. C.B. van 't Veer analiseer 'n korpus tekste wat uit die koloniale tydperk dateer en ondersoek die wyse waarop St. Helena asook die suidelike seë onder die Kaap voorgestel word. Rick Honings ondersoek die moederfiguur in die werk van die Vlaamse outeur Herman Brusselmans en betrek tekste van Brusselmans wat tussen 1984 en 2015 gepubliseer is.

Beide Afrikaanse bydraes benut teoretiese invalshoeke wat relatief ongewoon is wat Afrikaanse literêre studies betref. Anneli Groenewald gebruik Hans Ulrich Gumbrecht se konsep "die produksie van teenwoordigheid" as teoretiese invalshoek om Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper* te bespreek. Sandra van Reenen doen 'n Derridiaanse ondersoek van John Miles se *Kroniek uit die doofpot* met die fokus op Derrida se minder bekende baggermetafoor om 'n "vlietende onkonvensionele greep" op 'n enkele moment in Miles se ikoniese roman te bied.

My dank aan almal betrokke by die totstandkoming van hierdie uitgawe van *TN&A.* Ek wil spesifiek hier prof. Wium van Zyl, 'n voormalige redakteur van hierdie publikasie, vermeld vir die kontak wat hy met die Nederlandse bydraers meegebring het.

*Universiteit van Wes-Kaapland*